



Magalieskruin Gemeente

Joycelaan 150
Magalieskruin

Posbus 13507
Sinoville 0129

Tel: (012) 548 1245
Faks: 086 535 4797

Webadres: www.magalieskruin.com

E-pos: magaliesklein@telkomsa.net

FAMILIENUUS

Want elkeen behoort aan 'n geestelike gesin

J A K O B U S en

JOHANNES

Augustus 2017



Die beste



leë nog voor

KLEINGROEPE: NUUS

- ❖ Janine Joubert is die kontakpersoon in die kerkkantoor wat die koördinerende en skakelende van die kleingroepe hanteer. Indien u wil aansluit by 'n kleingroep kan u haar kontak (012-548-1245) of stuur 'n e-pos aan magaliesklein@telkomsa.net.
- ❖ Baie dankie aan prop. Meiring de Wet vir twee van hierdie maand se Bybelstudies (week 5 en week 6 se Bybelstudies van Julie) en ook aan ds. Johan Olivier vir die ander twee Bybelstudies (Bybelstudie 1 en 2).



PITKOS VIR KLEINGROEPE

KRITERIA VIR KLEINGROEPE

Tipiese aspekte wat 'n rol speel in die samestelling van kleingroepe is:

- Grootte van die kleingroep.
- Homogeniteit van die groep.
- Geografie

Grootte van die Groep.

Kleingroepe is per definisie klein wat impliseer dat die ledetal beperk is. Dit is belangrik om te verstaan dat dit wat 'n kleingroep uniek maak, slegs kan gebeur binne sekere parameters. As die groep te klein is, kom daar nie 'n groepsdinamiek tot stand nie. As die groep te groot is, verloor dit weer sy unieke en persoonlike karakter. Studie en ervaring lei daartoe om die kleinroep se grootte soos volg vas te pen:

- 'n Kleingroep moenie kleiner wees as 5 mense nie. As daar minder is as dit, verloor die groep sy veiligheid en sinergie. As net 4 mense of minder by 'n byeenkoms gaan wees moet dit oorweeg word om die byeenkoms te herskeduleer, of dit maar net as 'n kuier te beskou. Ons kan wel deurdruk as die lede regtig wil, maar dan moet ons die redes probeer bepaal vir die lae bywoning.
- 'n Kleingroep moenie groter wees as 20 mense nie. Indien 'n kleingroep 'n redelik konstante bywoning van 17 of 18 bereik het, moet daar ernstig besin word om die kleingroep te verdeel en liefst twee groepe te vorm. 'n Groep van meer as 20 persone is geneig om toeskouers te skep, en nie deelnemers nie. Omdat 'n kleingroep juis sy dinamiek vind in wisselwerking en deelname, wil ons dit vermy. Kort voor lank word die byeenkoms bloot 'n lesing waarin ons in stilte agtermekaar sit en lering ontvang.

Jesus se kleingroep wat ons as model kan neem het uit 13 lede bestaan. Tussen 10 en 15 lede is eintlik 'n heerlike sone om in te funksioneer, aangesien dit nie te klein of te groot is nie. As ons minder as dit is bv. 7 of 8 gereelde lede, kan ons natuurlik steeds 'n baie suksesvolle groep hê, maar sal waarskynlik groei, en op meer as 15 sal ons begin vra na verdeling.

Dit is belangrik om in ag te neem dat die aantal verhoudings, of konneksies in 'n groep beperk is. Die formule $n(n-1)$ beskryf die totale aantal konneksies of (wedersydse verhoudings) in 'n groep soos weergegee hieronder.

Groep lede	Konneksies
5	20
10	90
15	210

Anders gestel, as die groep uit 20 lede bestaan, moet ek verhoudings handhaaf met 19 mense en dit is onmoontlik om dit op 'n optimale vlak te handhaaf. Verskeie van die groeplede sal dan vir my relatiewe vreemdelinge bly.

Homogeniteit van die groep

Groepe “werk” oor die algemeen die beste as daar 'n mate van homogeniteit (= eendersheid wat betref taal, kultuur, ouderdom e.a. sosiale faktore) bestaan. Daarom vorm gemeentes hulle groepe dikwels doelbewus op grond van homogeniteit: daar is jeuggroepe, volwasse groepe, senior groepe, belangegroepe, ens. Daar is egter meningsverskil hieroor, en die volgende is beide waar:

- Ons is op ons gemak met diegene soos ons, en as ons bedoeling is om die groeplede geestelik te bou, sal dit makliker plaasvind as ons die struikelblokke van groot verskille kan vermy. Die praktyk bewys ook dat homogene groepe vinniger 'n gemeenskapsgevoel ontwikkel en gouer in bediening kom.
- Ons soeke na eendersheid is dikwels niks anders nie as vrees vir andersheid (xenofobie), en staan in die pad van suksesvolle bediening. Terwyl die evangelie ons uitdaag om grense te oorskry ter wille van die koninkryk (trouens 'n mooi definisie is: die koninkryk kom as ons grense vir God oorskry), wil ons eerder wegkruip in ons eie, eenderse, veilige groepies en net mekaar bedien. So mis ons die wêreld, die nood en die groot opdrag.

Dit is gevolglik belangrik om aan beide waarhede vas te hou in die kleingroep bediening. Ons wil 'n sterk band as groep ontwikkel, maar nie eksklusief wees nie. Kinders van die Here kan beswaarlik groepe vorm wat geslote is vir ander. Dan is dit geen gemeentegroep nie, maar 'n hegte vriendekring, 'n kliek. Dan mis ons die een dimensie wat elke groep moet hê, en dit is die uitwaartse, bedieningsdimensie. **Liefde = insluiting.** Dit sal juis wonderlik wees vir ons groei as ons groep ook ander tale en kulture insluit. Selfs die mees homogene groep moet in hul uitreik, grense radikaal oorskry!

Geografie

Groepe word meestal om praktiese redes saamgestel uit diegene wat mekaar maklik kan bereik. Daarom word groepe meestal volgens wyke of woongebiede ingedeel. Dit skep gewoonlik ook groepe wat min of meer homogeen is. Alhoewel dit oor die algemeen waar is van die groepe binne ons eie gemeente, bestaan daar ook groepe in ons gemeente wat oor gemeente grense en denominasies strek, wat baie positief is.

(Die bostaande gedeelte soos verkry vanuit 'n Kleingroep Kursus “Kleingroep Dinamiek” saamgestel deur Jimi le Roux, 'n geordende leraar met ervaring in tradisionele en vernuwingskerke, o.a. as die kleingroep-leier van 'n megakerk in Johannesburg.)



Week 5: Jakobus 4: 1- 17

1. Waar het jy al in jou lewe gekry wat jy wou hê, maar later besef dit is nie goed vir jou nie?
2. Jesus stuur ons om dissipels te maak van die wêreld, maar wat bedoel Jakobus dat ons nie vriende met die wêreld moet wees nie?
 - a. Hoe kan ons leef as vriende van God, deur terselfdertyd 'n impak in die wêreld te maak?
3. In Handeling 10:34 lees ons dat God geen witbroodjies het tussen kulture nie, maar in Jak. 4: 6 tref Hy duidelike onderskeid, waarom is dit?
4. Lees weer Jak. 4: 7-17
 - a. Watter praktiese stappe kan ons hiervolgens neem om nader aan God te leef?
5. Lees Johannes 15: 9-17 as 'n seëngebed.



Week 6: Jakobus 5: 1-20

1. Het jy geweet, dat as jy 'n kar besit, maak dit jou deel van die top 10% rykste mense in die wêreld
 - a. Hoe behoort ons te leef dat ons geld nie ons besit nie en ons eerder skatte in die hemel bymekaar maak?
 - b. Sit in stilte en vra Heilige Gees om jou te wys, watter aardse besittings jy moet prysgee, sodat jy Jesus beter kan volg.
2. C.S. Lewis het gesê dat lyding die megafoon is waarmee God met ons praat...
 - a. Deel stories van hoe God jou gedra het in jou lyding en wat Hy vir jou geopenbaar het in daardie tyd van seer.
3. Lees weer Jak. 5:13-20
 - a. Deel getuienisse van die krag van gebed
4. Maak groepe van twee; bely eerlik julle sondes teenoor mekaar; en bid vir mekaar vir innerlike en uiterlike genesing.



EK SKRYF AAN JULLE SODAT JULLE KAN WEET - BYBELSTUDIE UIT 1 JOHANNES

INLEIDING

Johannes het vyf boeke geskryf wat in die Bybel vir ons geloofsversterking ingesluit is. Volgens oorlewering het Johannes reeds ver aangestap in jare toe hy 1 Johannes geskryf het. Hy was heelwaarskynlik 100 jaar oud toe hierdie brief geskryf is. Daar was ook baie vrae of hierdie briewe wel deur Johannes geskryf is. Johannes gebruik egter sekere taalkundige konstruksies wat baie uniek was en metafore soos lig, donker, water, lewe en woorde soos “bly in”, “liefde”, “hy wat oorwin”, “Hy wat loop” en “my Naam”. Hierdie briewe van Johannes, die evangelie van Johannes en die Openbaringsbrief is beslis Johannes se werk.

Die briewe is ook deur meeste bronne se aanduidings, heelwaarskynlik baie naby aan mekaar geskryf, daar het dus nie baie tyd verloop tussen die briewe nie. Die volgorde in tyd is heelwaarskynlik ook soos dit in die Skrif verskyn. Dit blyk dat die meeste wetenskaplikes meen dat die brief se lesers in die omgewing van Efese, asook in die omstreke van die sewe gemeentes aan wie die Openbaring briewe gestuur is, gewoon het (Openb 2-3).

Is 1 Johannes regtig ‘n brief? Selfs al ontbreek aspekte wat ‘n tipiese brief in die algemeen sou vertoon in die Nuwe Testament, weet ons, volgens die inhoud van die boek, dat Johannes ‘n spesifieke groep mense in gedagte gehad het. Vroeg-kerklike leiers soos Irenaeus en Dionisius van Aleksandrië, wat goed op hoogte was met die hellinistiese briewe, het geen probleme gehad om die brief van Johannes te beskou as inderdaad ‘n brief nie.

Hoe lyk die opbou van die boek? Tematies lyk dit so:

- Jesus het mens geword sodat ons in gemeenskap (koinonia) met God en mekaar kan leef: 1:1-4.
- Ons het gemeenskap (koinonia) met God wat Lig is, daarom moet ons in die lig leef: 1:5 - 2:17.
- Ons beleef sekerheid dat ons kinders van God is: 2:18 - 4:6.
- Ons ervaar God se liefde in sy Seun wat Hy gestuur het; daarom moet ons ook in liefde leef: 4:7 - 5:5.
- Jesus het mens geword sodat ons die ewige lewe kan hê volgens 5:6-21.



GEMEENSKAP MET GOD – Bybelstudie 1

Lees 1 Joh 1:1-4: Wat merk julle op in die eerste vier verse? Waarom soveel klem op “gesien” en “gehoor” en aan Hom “geraak”. Wat het gekom in vers 2? Wat sou sy bedoeling wees met die woord “gemeenskap” in vers 3?

Het jy geweet? Dwaalleraars het die storie versprei dat Jesus nie die Christus, die Seun van God is wat mens geword het nie. Die aanhangers het geglo dat Christus sy liggaam verlaat het tydens sy lydenspad en van buite toegekyk het hoe Jesus gekruisig word. Een van die dwaalleraars met die naam van Marsion, het beweer dat Jesus hier op aarde nie materieël was nie, maar ‘n fantasma of ‘n skynliggaam was. Volgens hulle kon die hemelse Christus nie ly nie en die mens Jesus kan niemand red nie. Die mens Jesus was net ‘n omhulsel waarin die hemelse Christus aarde toe gekom het maar wat Hy verlaat het voor sy lydenspad.

Kyk weer: Verstaan julle nou hoekom Johannes soveel moeite maak in vers 1 tot 4 om Jesus vir ons voor te stel as God en Mens maar sonder sonde? Anders kan Hy nie ons Redder wees nie. Net soos in Johannes 1, is Hy van die begin af daar. Hy het nie saam met die skepping begin nie, Hy was soos God nog van altyd daar. Hy is ewig sonder einde of begin. Vergelyk nou Joh 1:1 met 1 Joh 1:1. Wat het hier verander of bygekom? In die evangelie word gesê Hy is die Woord en nou in 1 Joh word wat bygevoeg? Die woord “lewe” kom 13 keer in die 3 briewe van Johannes voor.

Hoe word die integriteit van ooggetuies gewaarborg in ons tyd? In vandag se taal sou ons sê “amptelike foto’s” of “video opnames” moet die egtheid van ‘n bepaalde gebeure waarborg. In die Ou Testament was twee getuies of meer nodig om die egtheid van die gebeure te staaf, Jesus het dit bevestig in Matt 18:16. Die rol van die ooggetuies van Jesus se aardse lewe en bediening word betroubaar verhaal in die vier evangelies. **Kyk weer na die “ons” in 1 Joh 1:2. Sê vir die Here dankie vir die betroubaarheid van die getuienis oor wie Hy is en wat Hy kom doen het. Ons het nie met hoorsê te doen nie, maar met feitlike waarhede wat gesien, gehoor en aangeraak is.**

Wat is die doel van dit alles? Dan antwoord 1 Joh 1:3: Koinonia (gemeenskap). Die woord “koinonia” kom nooit in een van die vier evangelies voor nie, maar in 1 Joh drie keer (1:3; 6; 7). Wat dink julle beteken die woord en watse voordeel beleef julle in julle groep wanneer julle koinonia het? Kyk hoe mooi beskryf Johannes dit in 1 Joh 1:3. Wat is die emosionele beleving in vers 4? Vergelyk Luk 10:17 met hierdie ontdekking en wat leer julle hieruit? Hierdie woord “vreugde of blydschap” in Grieks kom 59

keer voor in die Nuwe Testament en hou baie keer verband met die verwagting dat Christus enige tyd binnekort kan kom. Ons leef nou in feesvreugde want die nuwe lewe en die feesmaal binnekort is 'n voldonge feit.

Vertel vir mekaar wat dit alles hier en nou in die gemeente beteken. Hoe gelukkig maak dit jou in jou stiltetye om in koinonia te verkeer met God die Vader en Jesus ons Verlosser. Dit alles vind plaas deur die Heilige Gees se inwoning in ons. Is dit ook so in jou lewe dat jy in intieme gemeenskap met God leef en saam met mede-gelowiges die grootste vreugde ervaar?

Gebed: besluit waarvoor wil julle vandag vir die Here dankie sê.



NUWE LEWE BINNE DIE FAMILIE VAN GOD – Bybelstudie 2

Inleiding: Redding en lewe is die taal van Johannes. Maar wat sou dié redding presies wees? 1 Joh 5:13 antwoord hierop dat geloof in Jesus Christus, as die Seun van God, die roete tot die lewe is. Geloof oorbrug die afstand tussen een familie hier op die aarde na 'n ander familie wie se eindpunt in die hemel by God, die Vader is.

Lees 1 Joh 3:10 en 3:13 en 14: Wat is julle gevolgtrekking oor die twee families? Wat onderskei die twee families van mekaar? Dink julle dat daar 'n soort middelgrond of neutrale posisie tussen die die twee families is?

Lees gou ook 1 Joh 5:19: In wie se mag is die nie-gelowige wêreld? Sê Johannes iets oor waar die duiwel vandaan kom? Nee, hy doen sommer die vernietigingswerk hier op die aarde. Hy is sonde van die begin af volgens 3:8. Hoe herken ons die duiwel se familie? Kyk na 3:10; 3:11-12; 3:13; 2:9; 2:11 en 2:21. Watter eienskappe het hierdie bese kinders van die duiwel se familie? Wat is die grootste leuen waarin hulle leef volgens 2:22? Wat word sommige familieleden van die duiwel genoem? Antichriste! Hoekom sou hulle so genoem word? Kyk na 4:1-3 en 4:5-6.

Kom ons leer verder: Wat is die goeie nuus volgens 3:8? Het die bese 'n vatplek aan diegene wat uit God gebore is volgens 5:18? Johannes weet dat God as Vader die oorsprong van die nuwe lewe is. Gelowiges is uit Hom gebore volgens 2:24. Kyk net hoe sterk stel Johannes dit in 3:9 as hy sê dat die saad van God in al sy kinders bly. "Sperma", is die Griekse woord vir die "saad" van God wat in 3:9 gebruik word. Hierdie woord tipeer die verhouding tussen God en al sy kinders. Dit is die lewegewende eienskappe wat in die families van

vader na die kinders oorgedra word. Die Engelse spreekwoord “like Father like son” verduidelik dit eintlik goed. Kinders is die weerspieëling van hulle pa’s se eer en goeie naam. Ons kan dan volgens Stephan Joubert sê dat God se DNS of anders gestel, sy wese, volgens Johannes aanwesig in God se kinders is.

Gelowiges het dus die ewige lewe volgens 5:11 omdat God ewig is. Ook leef gelowiges in die lig volgens 1:7 omdat God lig is. **Onthou geloof is die belydenis dat redding van Iemand buite jouself afkomstig is. Meer spesifiek, reddende geloof is om alle hoop te plaas op Christus, as die Seun van God, om ware lewe te bewerkstellig binne in my, volgens 5:10,13. Dit is om te weet Hy is die Een wat ‘n versoening is vir al my sondes volgens 4:10 en wat ons tot die regte verstaan van die ware God bring volgens 5:20.**

Lees 5:1, 5:11 en 3:1: Watter vaste versekering volg op wat ons tot nou net geleer het? Geloof is die kanaal of roete waardeur dit gebeur, maar God is die enigste Gewer van die ewige lewe volgens 5:11. Watter wonderwerk word oor gejubel volgens 3:1?

Wat sou die rede wees vir God se nuwe aardse familie? Johannes ken net een antwoord. Lees 4: 8-12 en kyk of julle dit kan ontdek. Wat word Jesus genoem volgens 4:14? Wat is Hy volgens 4:10? Wat is die enigste reinigingsmiddel wat die probleem van die sonde uit die pad verwyder volgens 1:7? Jesus is die Versoening vir al God se kinders se sondes en vir die res van die wêreld, volgens 2:2. Elkeen ontvang ook die inwonende teenwoordigheid van die Gees (4:13) en die Vader (4:14).

Gebed: prys die Here wat julle gered het en deel van sy nuwe familie maak het.

